
SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Privaatsak / Private Bag X 9, Pretoria Noord/North, 0116
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
Tel: (012) 808-9300
PBO 930009213 VAT: 4910127861
Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

# SPORTSKIET KOMPETISIES 2023: STREEK EN NASIONAAL

# IGRF BEPERKTE GRENDELAKSIE (LIMITED BOLT ACTION)








Raadslede/Board members: EPV Bergh, ASC van Heerden, RJG Sowry, DJJ Momberg, LS Potgieter, RF Camphor

# IGRF BEPERKTE GRENDELAKSIE
# (LIMITED BOLT ACTION)

### IGRF BEPERKTE GRENDELAKSIE STANDAARD (SI13)
### IGRF BEPERKTE GRENDELAKSIE OPE (SI14)
### IGRF BEPERKTE AKSIE MSG (SI15)
### IGRF BEPERKTE GRENDELAKSIE .223/222 Rem (SI20)

| MEDALJES | |
|---|---|
| **STREEK** | **NASIONAAL** |
| | |
| | |
| | |
| | |

**1. Inleiding**

Die IGRF skietoefening vir senterslag jaggewere is die erkende skietoefening wat op internasionale vlak vir jaggeweer kompetisiedoeleindes op skietbane met vaste afstande gebruik word. Skuts kan in vier geweerklasse aan die skietoefening deelneem. Die volledige oefening per klas moet met een geweer en een visier stelsel voltooi word. Die skietoefening word volgens die IGRF reëls uitgevoer.

**2. Streekvlak**

Lede moet aan minstens een streekskiet-kompetisie en aan ten miste een of meer van die klasse deelneem met die minimum vereiste van 153 punte uit 180 punte (85%) per skietoefening om streeksportskietkleure te verwerf.

**3. Nasionale vlak**

3.1 Deelname: ‘n Deelnemer wat op streekvlak aan ’n geregistreerde sportskietoefening van die SAJWV deelgeneem het, en die Top 50 streekranglys haal, word na die nasionale Sportskiet kampioenskap genooi om deel te neem in die dissipline waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Kleure: Deelnemers wat tydens die nasionale sportskietkampioenskappe weer die kwalifiserende doelwit (kwalifisering soos uiteengesit vir streekleure hierbo) behaal, verwerf die skut:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure indien streekkleure vir die betrokke jaar reeds verwerf is;

3.2.2 SAJWV Streek sportskietkleure: Indien streekkleure nie reeds vir die betrokke jaar verwerf is nie.

**4. Klasse en vuurwapentipes**

4.1 **Beperkte Grendelaksie (Standaard) (SI 13)**



Minimum kaliber van 6mm/.243

Slegs grendelaksie senterslaggewere met ’n minimum kaliber van 6mm/.243, tot enige kaliber wat voldoen aan die beperkings van die baan waar die byeenkoms plaasvind. Die maksimum gewig van die geweer, visier en alle bykomstighede, is 6.5kg. Verstelbare wangstukke en kolfplate is toelaatbaar. Knaldempers word toegelaat mits die totale gewig van die geweer en knaldemper nie meer weeg as 6.5kg nie. *Bipods* en enige ander bykomstighede moet gedurende die hele kompetisie aan die geweer geheg wees en bly. Daar is geen beperkings op teleskoopvergroting nie. Trompremme word nie toegelaat nie.

4.2 **Beperkte Grendelaksie (Open Class) (SI 14)**

ʼn Senterslaggeweer, in grendelaksie enkelskoot- of magasyn wat voldoen aan die wetgewing van die gasheerland. Enige tipe kolf, verstelbare wangstukke en verstelbare kolfplate is toelaatbaar. Enige senterslag geweerkaliber wat voldoen aan die beperkings van die baan waar die byeenkoms plaasvind word toegelaat. Trompremme en knaldempers is toelaatbaar. *Bipods* en enige ander bykomstighede moet gedurende die hele kompetisie aan die geweer geheg wees en bly. Daar is geen beperkings op die teleskoop vergroting nie. Geen gewigsbeperking geld ten opsigte van die geweer en bykomstighede nie.



.22 Hornet / .223 / 22-250 of groter senterslagkalibers [Geen gewigsbeperking] [Trompremme en klankdempers is toelaatbaar]

4.3 **Beperkte Grendelaksie (Modern Sporting Rifle) (SI 15)**

ʼn Senterslaggeweer met ʼn moderne sportskietgeweeraksie (semi-outomaties) wat voldoen aan die wetgewing van die gasheerland. Enige senterslag geweerkaliber wat voldoen aan die beperkings van die baan waar die byeenkoms plaasvind word toegelaat. Trompremme en knaldempers is toelaatbaar. *Bipods* en enige ander bykomstighede moet gedurende die hele kompetisie aan die geweer geheg wees en bly. Daar is geen beperkings op die teleskoop vergroting nie. Geen gewigsbeperking geld ten opsigte van die geweer en bykomstighede nie.



Sig M400 AR-15 5.56/223 Karabyn [Trompremme en klankdempers is toelaatbaar] [Geen gewigsbeperking]

4.4 **Limited Bolt Action (.222 / .223 Rem Class)**




Hierdie oefening is spesifiek vir kaliber .222 of .223 Remington grendelaksies. Die maksimumgewig van die geweer insluitend die visiere en alle bykomstighede is 6,5 kg. Verstelbare wangstukke en kolfplate is toelaatbaar. Trompremme is toelaatbaar. Knaldempers word toegelaat mits die totale gewig van die geweer en toebehore insluitend die knaldemper, nie 6,5 kg oorskry nie. *Bipods* en alle ander bykomstighede moet vir die duur van die hele skietkompetisie aan die geweer geheg wees en gemonteer bly. Die <u>maksimum teleskoop vergroting toegelaat is 16x</u>. Hierdie is 'n ontwikkelingdissipline wat ideaal is om die jeug en vroueskuts aan die Limited Bolt Action dissipline bekend te stel. Die .223-kaliber is ook die voorkeur sportskietkaliber van keuse vir Europese senterslagskuts op ʼn skietbaan met ʼn beperkte afstand. Dit is 'n ideale kaliber om in internasionale kompetisies te gebruik. Die .222 en 223 Rem bied 'n ekonomiese alternatief vir deelname aan senterslag-skietoefeninge. <u>Die .222 Remington sal kwalifiseer vir deelname op streek en nasionale vlak, maar op internasionale vlak word dit nie aanvaar word nie.</u>

**5. Visiere of teleskope**

5.1 ʼn Laser wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

5.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier

 Gaatjievisier

 Oop visier

 Teleskoop

**6. Skietprosedure:**

6.1 Die Baanoffisier of tydhouer <u>neem die tyd met ‘n stophorlosie</u>

6.2 Oog- en oorbeskerming moet gebruik word tydens die uitvoering van die skietoefening

6.3 Afstande: 100m, 200m en 300m

6.4 Aantal skote: totaal van 18 skote (totaal van 180 punte)

6.5 Skietposisies:

6.5.1 100m**:** staan, sonder enige bykomende ondersteuning,

6.5.2 200m: sit, sonder enige bykomende ondersteuning

6.5.3 300m: lê-posisie: ’n Harris *bipod* mag gebruik word en dit moet gedurende die hele kompetisie aan die geweer geheg wees en bly. Die geweerkolf mag vir ondersteuning agter op die grond rus of op die skut se nie-snellerhand.

6.5.4 Die kolf moet in die skouer of die armholte onder die skouer wees maar nie teen die bo- arm (*bicep muscle*) tydens die oefening nie.

6.6 Die volledige skietoefening moet met een geweer en een visierstelsel voltooi word

6.7 <u>Toerusting wat nie toegelaat word nie:</u>

6.7.1 Geweerbande

6.7.2 Skiethandskoene

6.7.3 Sandsakke of enige ander bykomende ondersteuning

6.8 Geen afrigting of bystand mag deur enige persoon verskaf word nie

6.9 Veiligheid: die geweer se loop moet te alle tye in ’n veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

**7. Skietoefening en bevele**:

7.1 Voorbereiding:

- **Bevel 1:** “*Skuts na die skietpunt, gewere bly in sakke of tasse tot verdere bevele”*
- **Bevel 2:** “*Die baan is gesluit (toe)”*
- **Bevel 3:** “*Haal uit, verklaar en wys veilig*”
  - Op die Baanoffisier se bevel, haal die skut die geweer uit met die loop te alle tye na die teiken gerig en wys aan die Baanoffisier dat dit veilig is en plaas dit op geweersak of tas.

    Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir ‘n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): maak die aksie oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is.

- **Skietoefening**; Die Baanoffisier verduidelik die skietoefening aan die skuts:
  - Skuts kry 5 minute vir onbeperkte proefskote op 100m
  - die skietoefening bestaan uit 18 skote, 6 skote elk op 100, 200 en 300m bestaande uit twee sarsies van 3 skote elk – tydsbeperking op elke sarsie van 3 skote;
  - Skietposisies: vryhand staan op 100m sonder enige bykomende ondersteuning, vryhand sit op 200m sonder enige bykomende ondersteuning en lê op 300m met ondersteuning vanaf ‘n *bi-pod*;
  - geen skuts gaan vorentoe om teikens te inspekteer nie.

- **Bevel 4:** *"Neem skietposisie in"*
- **Bevel 5:** *"Oog- en gehoorbeskerming"*

7.2 Proefskote: "*Skuts het 5 minute tyd vir onbeperkte proefskote op 100m met die skietposisie van die skut se keuse:"*

- **Bevel 6:** "*Laai en maak gereed*" (magasyne gelaai, maar aksie bly oop)
- **Bevel 7*: "Is almal gereed?" ?"*** (indien 'n skut nie gereed is nie, word *"nie gereed"* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8**: Die Baanoffisier roep weer uit: *'is almal gereed"* (indien geen terugvoer nie, word aanvaar almal is gereed)
- **Bevel 9:** "*Almal is gereed – staan by"*

  **Gereedposisie:** Met die geweer in die skouer en die geweerloop ongeveer 45 grade na die grond gerig, magasyne gelaai, maar die aksie bly oop
- **Bevel 10***: "Vuur!"*
  - Met die geweer gerig op die teiken, die skut sluit die aksie en skiet 'n onbeperkte aantal proefskote in 5 minute
- **Na 5 minute tydsverloop**
- **Bevel 11**: "*Stop!"*
- **Bevel 12***: "Ontlaai, maak veilig"*

  Die skut ontlaai die geweer, plaas dit voor hom op sy geweersak/tas en verklaar "*veilig*". Grendelaksie gewere: grendel oop, die magasyn verwyder of leeg vir 'n integrale magasyn en geen patrone in die kamer nie. Moderne Sportskietgewere (semi-outomaties): aksie oop, laat dit in die oop posisie en wys dat die kamer en magasyn leeg is - haal die magasyn uit indien dit verwyderbaar is.
- **Bevel 13**: "*Wys veilig*"
  - Die Baanoffisier bevestig dat die wapen veilig is
  - Verwyderbare magasyne mag nou gelaai word, maar word eenkant gehou en nie in wapens geplaas nie. Sleg op bevel van die Baanoffisier mag magasyne in gewere geplaas word.
- **1 Minuut rusperiode**

7.3 100m: Skietoefening 1: sarsie 1**:** Drie telskote uit die vryhand staanposisie op 100m in 2 minute:

- **Bevel 5:** *"Oog- en gehoorbeskerming"*
- **Bevel 6***: "Laai en maak gereed"* (magasyne gelaai, maar aksie bly oop)
- **Bevel 7*: "Is almal gereed?" ?"*** (indien 'n skut nie gereed is nie, word *"nie gereed"* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8**: Die Baanoffisier roep weer uit: *'is almal gereed"* (indien geen terugvoer nie, word aanvaar almal is gereed)
- **Bevel 9***: "Almal is gereed. Staan by"*

  **Gereedposisie:** Vryhand staan met die geweer in die skouer en die geweerloop ongeveer 45 grade na die grond gerig, magasyne gelaai, maar die aksie bly oop

- **Bevel 10**: *"Vuur!"* – die tydhouer begin die tyd neem wanneer die bevel "vuur" gegee word
  - Met die geweer gerig op die teiken, die skut sluit die aksie en skiet drie skote in 2 minute
- **2 minute tydsverloop**
- **Bevel 11**: *"Stop!"*
- **Bevel 12**: *"Ontlaai, maak veilig"*
  - Die skut plaas sy geweer op sy geweersak of tas met die aksie oop
- **Bevel 13**: "*Wys veilig*"
  - Die Baanoffisier bevestig dat die wapen veilig is
- **1 Minuut rusperiode**

7.4 <u>100m: Skietoefening 1: sarsie 2</u>**:** Drie telskote uit die vryhand staanposisie op 100m in 2 minute:

- Herhaal **bevele 5 tot 13** soos in item 7.3 hierbo
- **Bevel 14**: *"Pak weg"*
- **Bevel 15**: *"Die baan is veilig, tel doppies op en ontruim die skietpunt"*
  - Skuts verskuif na die 200m skietpunt

7.5 <u>200m: Skietoefening 2: sarsie 1</u>: Drie telskote uit die vryhand sitposisie op 200m in 2 minute 30 sekondes:

- Herhaal **bevele 5 tot 13** soos in item 7.3 hierbo
- **1 Minuut rusperiode**

7.6 <u>200m: Skietoefening 2: sarsie 2</u>**:** Drie telskote uit die vryhand sitposisie op 200m in 2 minute 30 sekondes:

- Herhaal **bevele 5 tot 13** soos in item 7.3 hierbo
- **Bevel 14**: *"Pak weg"*
- **Bevel 15**: *"Die baan is veilig, tel doppies op en ontruim die skietpunt"*
  - Skuts verskuif na die 300m skietpunt

7.7 <u>300m: Skietoefening 3: sarsie 1</u>: Drie telskote uit die lêposisie met ondersteuning vanaf 'n *bi-pod* op 300m in 3 minute:

- Herhaal **bevele 5 tot 13** soos in item 7.3 hierbo
- **1 Minuut rusperiode**


7.8 <u>300m: Skietoefening 2: sarsie 2</u>: Drie telskote uit die lêposisie met ondersteuning vanaf 'n *bi-pod* op 300m in 3 minute:

- Herhaal **bevele 5 tot 13** soos in item 7.3 hierbo
- **Bevel 14**: *"Pak weg"*
- **Bevel 15**: *"Die baan is veilig, tel doppies op en ontruim die skietpunt"*

7.9 **Tellingberekening**: Slegs skote op die senter S05-C (8, 9 en 10 skoot waardes) word getel (18 skote x 10 = 180 totaal).

**8. Teikens:**


**8.1** Teiken S05 en/of senter S05-C vir streek en nasionale skietkompetisies




**8.2 <u>A4 Inskietteiken op takvlak</u>**

**(**Laai af vanaf www.sahunters.co.za - Sportskietdokumente**)**

Kan gebruik word op takvlak as inskietteiken om koste te bespaar.



**9. Tellingadministrasie**

'n Erkende SAJWV-skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na die nasionale kantoor se databasis stuur. Kwalifiserende skuts in hierdie sportskietoefening kan lapkentekens by die skietverteenwoordiger aanvra wat dit by die nasionale kantoor bestel.

**10. Lapkentekens**

Brons: 108 uit 180 (60%)

Silwer: 126 uit 180 (70%)

Goud: 144 uit 180 (80%)